HOOFSTUK 6.

# Ontwikkeling in die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut

Bykans 'n jaar na die vertrek van ds. A.D. Luckhoff is 'n brief van dank en waardering in *De Kerkbode* gepubliseer aan die adres van die eerwaarde Sinode *„vir die sending hierheen van ds. A.D. Luckhoff verlede jaar"* (*De Kerkbode*, 22 Sept. 1926).

Uit die brief het groot dankbaarheid gespreek vir die hulp wat aan hulle verleen is, in die besonder vir ds. Luckhoff *„wat met soveel takt en bekwaamheid, sowel as belangstelling 'n uiters moeilike saak hier ondersoek het. Dit was die behoud van ons as 'n Ned. Geref. gemeente hier en ons gevoel nog elke dag die diepe waarde van die sending en vertrou dat die eerw. Sinode in die toekoms ons nooit weer aan onsself sal oorlaat nie; want ons verkeer in grote behoefte aan raad, hulp en leiding op geestelike sowel as op opvoedingsgebied. Mag die goeie begin 'n heerlike groei hê en bekroon word met die rykste seën van God"* (Ibid.).

Almal het, volgens Tjaart van die Walt, reeds gepraat *„oor die gelukkige verandering wat die koms van Ds. Luckhoff teweeg gebring het"* (Van der Walt, 11 Aug. 1926).

Daar het dan ook 'n gevoel by die Nederduits Gereformeerde lidmate bestaan, is geskryf, *„om totaal ontledig te word van die kwart eeuse geestelike gebreke en krankhede..."* (Conradie, 5 Mei 1928).

Met diepe leedwese is daar melding gemaak dat hulle *„ver afgedwaal het van menige ou fundamentele instelling en handelswyse wat volgens die oortuiging en die ondervinding van die Ned. Geref. Kerk onmisbaar is vir 'n gesonde Kerklike en Godsdientige lewe"* (Wasserfall, 30 Junie 1929, p. 2).

Maar hierin het daar nou 'n verandering gekom, is geskryf (Van der Walt, 11 Aug. 1926).

Die „gelukkige verandering" (Ibid.) is as 'n herlewing aangedui (Conradie, 5 Mei 1928).

Die koms van ds. Luckhoff het *„'n onbeskryflike besieling ... in die anders so onverskillige geledere gebring"* (Van Huyssteen, p. 37). *„Die oë van manne en vroue, wat tot hiertoe koud gestaan het teenoor die heilige belange van Gods Koninkryk en teenoor die van die Kerk van hul vadere het oopgegaan,"* is gesê (Ibid.). *„Hulle het ook vuur gevat en 'n lewendige aandeel begin neem in die ontwikkeling van die gemeente, wat eerlank sou aangeteken staan as die jongste van die Kaapse Kerk en dit in die verre vreemde. Belangstelling is aangekweek, die gevoel van verantwoordelikheid het snel ontwaak, die hand is aan die ploeg geslaan om die werk te bevorder en siele tot 'n seën te wees. Daar het 'n nuwe ontwaking ontstaan, sowel op Kerklike as op geestelike gebied"* (Ibid., p. 37).

## 1. DIE AARD VAN DIE HERLEWING.

Hoe het die nuwe ontwaking, waarvan melding gemaak is, daar uitgesien?

Om die vraag te kan beantwoord, moet ons eers let op die toestand in die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut by die aankoms van ds. Luckhoff in 1925. Wanneer die kassier van die Nederduits Gereformeerde kerk die toestand in oënskou neem, dan vra hy wat kon die kerkraad aan ds. Luckhoff toon as vrug van hul twee-en-twintigjarige bestaan? (Conradie, 17 Julie 1933). Hy beantwoord self die vraag deur te sê dat *„wat die gemeentelike bates betref het hulle nie eers 'n stoel gehad vir die predikant om op te sit nie"* (Ibid.). Ook het hulle oor geen fondse of argiewe beskik nie. Die kerkraad, het hy gesê, was in die 15 jaar sedert die vertrek van ds. Jacobs *„'n absolute werklose kantoor"* (Ibid.), en is van nalatigheid, onbekwaamheid en gebrek aan inisiatief of konstruktiewe werk beskuldig. Dit was dan ook die oorsaak, is beweer, van die treurige toestand waarin die gemeente hom op materiële gebied bevind het (Ibid.).

Op geestelike gebied, het ons gesien, is daar gekla dat „menige ou fundamentele instellings en handelswyses" soos die evangeliese gesange (Wasserfall, Junie 1929) en die pinkster bidure (Luckhoff, 1926, p. 55) in onbruik geraak het.

Van al hierdie dinge, is gesê, het *„die N.G. Gemeente in Chubut feitlik niks gesmaak ... in al die jare van haar bestaan nie, tot die end van 1925"* (Wasserfall, 6 Mei 1932), en dit was volgens Nederduits Gereformeerde „oortuiging en ondervinding" onmisbaar vir „'n gesonde kerklike en godsdienstige lewe".

Met die koms van ds. Luckhoff, so is beweer, het daar nou 'n herlewing

gekom.

Hoe het die situasie 'n jaar na sy koms in 1926 by die aankoms van ds. Wasserfall se eerste besoek gelyk? Hoe het die nuwe „ontwaking" wat ontstaan het, *„sowel op kerklike as op geestelike gebied"* (Van Huyssteen, p. 37), daar uitgesien?

Kyk ons na die verslae wat in die tyd uitgebring is oor die geestelike toestand in die gemeente, dan verneem ons dat *„die huisgodsdiens word in die meeste wonings nog waargeneem, hoewel nie altoos gereeld nie. In vele wonings egter het daar in hierdie opsig groot verslapping gekom en is daar raad en aanmoediging nodig. Byna nêrens word die vroeë oggend godsdiens meer gehou nie"* (Wasserfall, Jan. 1927). *„Hier en daar,"* skryf ds. Wasserfall, *„is besluit deur die Wykslede self om in hulle wyke maandelikse Biduurkringe te stig..."* (Ibid.).

Wat die Sondagskole betref, vermeld hy dat *„die meeste kinders tuis 'n bietjie godsdiens onderrig ontvang. Die Psalm en Gesangeboek word egter te veel op die voorgrond en die Bybel op die agtergrond gestel. Aan eintlike Sondagskool werk, ontbreek dit nog baie"* (Ibid.).

Hy het wel vyf Sondagskole in die kolonie aangetref waarvan drie na die besoek van ds. Luckhoff ontstaan het (Ibid.).

Twee hiervan was eintlik „Gereformeerde Sondagskole" (Ibid.).

Ten opsigte van die jongmense het ds. Wasserfall gerapporteer dat daar vir die jongmense tussen 15 en 25 jaar absoluut niks gedoen word met die oog op geestelike en verstandelike ontwikkeling nie (Ibid.). Die enigste debatsvereniging wat in Comodoro Rivadavia en in Salamanca bestaan het, was reeds lank gelede ontbind. Hy beveel dus aan *„om so gou moontlik 'n paar Christelike Jongeliede Verenigings vir die Jongmense te stig"* (Ibid.).

Ook op onderwysgebied kon hy nog nie van enige noemenswaardige vordering sedert die vertrek van ds. Luckhoff rapporteer nie.

Ons moet steeds in gedagte hou dat ds. Luckhoff se besoek maar net vyf weke geduur het en in vyf weke is dit bykans onmoontlik om die „Kolonie" selfs behoorlik te deurreis!

Van 'n nuwe ontwaking bemerk ons dus nog nie veel nie.

Dit sou eers tydens die bedieningstyd van ds. Wasserfall wees wat die Nederduits Gereformeerde kerk weer sou terugkeer na die „ou fundamentele instellings en handelswyses".

In sy eerste „Staat van Godsdiens" aan die Ring van Kaapstad kan hy dan ook rapporteer dat *„die geliefde ou Evangeliese Gesange, naas die Psalms, word weer gereeld in ons openbare Godsdiensoefeninge gesing"* (Wasserfall, 30 Junie 1929) en dat *„dit vir vele aandoenlik was, om onlangs vir die eerste maal in hierdie Land 'n eie Ned. Geref. Kerkklok te hoor lui"* (Ibid.).

Hy kon ook rapporteer *„dat ons Kerkdienste ... altyd baie gereeld bygewoon word ... en dat gedurende die tiendaagse Pinkstertyd daar elke aand getalle teenwoordig was, en 'n stemming van erns en van toewyding geheers het, wat bokant ons beste verwagtinge was, sodat vele daarna getuig het van wesentlike seën ontvang"* (Ibid.).

Na aanleiding van 'n beskuldiging van ds. Sonneveldt dat die Nederduits Gereformeerde predikante die geestelike en maatskaplike lewe in Chubut verwoes het, verklaar ds. Wasserfall: *„En tog, twee jaar na Ds. Luckhoff se besoek word daar vir die eerste maal in Chubut 'n Ned. Geref. Kerkgebou ingewy, iets waarvan daar in die 12 jaar van Ds. S. se bediening niks tereg gekom het nie. (Die Geref. Kerk het nou nog nie 'n Kerkgebou of saal nie). Daar is vir die N.G. Gemeente ettelike Sondagskole gestig, en ook Biduurkringe: daar was in die afgelope 3 jaar dikwels oor die Heidelbergse Kategismus gepreek, wat vir die Gemeente heeltemal iets nuuts was!*

*„Jong mense het deur Gods genade tot bekering gekom. Pinster bidure is gehou. 'n Christelike kultuur vereniging is vir die jongmense gestig. C.N.O. skole is met groot opoffering tot stand gebring. Dit alles, en nog meer is geskied vanaf die besoek van Ds. Luckhoff..."* (Wasserfall, 6 Mei 1932; Conradie, 5 Mei 1928).

Die „Christelike kultuur vereniging" was *„'n soort van gekombineerde C.J.V. en C. Strewers Ver. ... vir* **alle Afrikaners** *met die welluidende naam van: ‚Die Kristelike Ontwikkelings Vereniging van Chubut' "* (Wasserfall, 21 Aug. 1928) (Kyk Bylaag 7). Ds. Wasserfall skryf dat hy die K.O.V., soos dit afgekort is, begin het *„met die oogmerk, dat dit 'n skool vir die Jongmense (en selfs Ouere mense) sal wees, en tegelykertyd 'n teëmiddel teen die oordrewe Dans- en Bioskoop gees, wat hier onder ons jongmense posgevat het"* (Ibid.). Hy kon vermeld dat die ledetal vinnig aangegroei het en dat selfs die Gereformeerdes die byeenkomste bywoon (Ibid.).

Dit was bogenoemde aktiwiteite wat hoofsaaklik deur ds. Wasserfall in die lewe geroep is, waarna verwys kan word as „'n nuwe ontwaking".

In Mei 1929 het ds. Wasserfall, na die beëindiging van die Van der Walt/ Conradie-saak ook begin *„met Spesiale Dienste, in plaas van die gewone Pinkster Biduur"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

*„Elke aand,"* so het hy geskryf, *„hou ons 'n baie kort diens van uiters 35 Minute. Die opkomste groei steeds aan, en ons verwag groot seën, ja ook blywende seën. Mog hier 'n ware Herlewing kom!"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Was al hierdie aktiwiteite suksesvol en het dit bygedra tot 'n ware herlewing en blywende seën?

Reeds aan die begin van sy bedieningstyd moes ds. Wasserfall kla *„dat die paar Biduurkringe in ons gemeente ... redelik getrou bygewoon word"* (Wasserfall, 30 Junie 1929). Met droefheid moes hy ook melding maak van die feit *„dat daar verskeie persone in ons gemeente is, veral onder die jongmense wat blykbaar reeds deur die landsgees van onverskilligheid teenoor Kerk en Godsdiens aangegryp is"* (Ibid.).

Ons verneem verder dat die Sondagskool „taamlik mooi" vorder en dat die *„Kategisasie moet vireers nog maar plaasvind waar en wanneer dit kon, omdat die groot distansies en heersende omstandighede alle poginge tot sentralisasie in hierdie opsig nog heeltemal belemmer"* (Ibid.).

Ten opsigte van die huisgodsdiens is berig dat dit *„neem gelukkig ook gestadig toe, en die kinders ontvang 'n gesonde Christelike opvoeding in die meeste ouerlike wonings"* (Ibid.). Wat die onderlinge samewerking van die gemeente betref, skryf ds. Wasserfall dat *„hier is helaas! nog nie 'n genoegsame helder begrip van wat ware dissipline en orde is nie, en dit gaat swaar om die Kerklike opsig en tug, gepaard met die nodige tak en lydsaamheid te handhaaf"* (Ibid.).

Op sedelike gebied, so het hy vervolg, *„is daar vir ons, in die algemeen gesproke, nog veel stof tot dankbaarheid. En tog moet ons tans ... ook op hierdie gebied ongunstiger rapportteer ... dit is ... waar, dat die kanker van onsedelikheid onder ons hier te lande stap vir stap toeneem ... hier is tans gelukkig betreklik weinig gevalle van misbruik van, of verslaafheid aan Drank onder ons. In hierdie opsig het daar, deur Gods genade 'n wonderlike verbetering gekom bokant die treurige toestande van 20 jaar gelede"* (Ibid.).

Hy maak ook melding van „neigings en gewoontes" waarteen beslis gewaarsku moet word *„soos bv. die onvastheid van plan en koers by vele; die geneigdheid om maklik verdeeld te raak, en dan veral die Kerk daarvoor te blameer en te straf – dit is die ou ingewordtelde Afrikaner swakheid"* (Ibid.)! In die verband noem hy ook *„die al sterker wordende neiging om swak landsgewoontes aan te neem soos dobbel, omkoop, spandabelheid, pligte op 'n lui-lekker manier uitstel tot later"*, ens. (Ibid.).

Van 'n ontwaking, of 'n herlewing in die volle betekenis van die woord, word nog nie veel bemerk nie. In die lig van die feite is gevoel dat by die konstatering van die stelling *„een vreemde verwarring aan het woord was van nationale en geestelijke sentimenten. Feit was, dat het bezoek van Ds. Luckhoff deze nationale gevoelens, zo tijperend voor de Zuid-Afrikanen en zeker in een land, waarin zij niet aardden, geprikkeld heeft. Maar dit was nog niet het inluiden van een kerkelijke en geestelijke oplewing"* (Rullmann, 1961, p. 32).

Tog het selfs ook ds. Wasserfall volgehou dat die optrede van die Nederduits Gereformeerde kerk 'n **„ontwaking** *in Argentinië veroorsaak"* het (Wasserfall, 21 Okt. 1928).

Ons moet die herlewing/ontwaking slegs sien as 'n terugkeer na die ou „fundamentele instellings en handelswyses" wat deur die Nederduits Gereformeerde kerk as onmisbaar vir 'n gesonde „kerklike en godsdienstige lewe" gesien is (Wasserfall, Junie 1929).

## 2. TWIS.

Na die koms van ds. Luckhoff het daar wel nuwe name op die toneel verskyn, die name van mense wat, volgens ds. Van Huyssteen, *„koud gestaan het teenoor die heilige belange van Gods Koninkryk en teenoor die Kerk van hul vadere..."* (Van Huyssteen, p. 37).

Ons hoor nou die eerste keer van name van mense soos F.D. Conradie, die eerste kassier van die gemeente, J. Biggs, Jan A. Stegman, John Blackie, H. Kruger, M.G.G. Visser en andere. Laat ons hulle nou voor ons verby beweeg, dan maak ons 'n interessante ontdekking.

Conradie, het ds. Sonneveldt eens opgemerk, is iemand *„die kerklijk en geestelijk nooit iets heeft gepresteerd en die zeker de laaste is om over kerkelijke zaken te schryven"* (Sonneveldt, 22 Junie 1932).

Hy is dan ook bestempel as iemand wat *„er niets om geeft, dat hy in „De Kerkbode" het publiek zooveel onwaarheid laat slikken... Het spijt me altijd zoo, dat sulke menschen als verdedigers van Kerk en volk optreden"* (Sonneveldt, 22 Junie 1932).

Hierdie man van wie vantevore nooit gehoor is nie, word nou die man wat die geldelike sake van die nuwe gemeente moet behartig. En dit kan tot sy krediet gesê word dat hy die werk met die grootste noukeurigheid en stiptelikheid gedoen het. Sy boekhouding was netjies en sy verslae volledig (N.G.K.A., Kaapstad, G. 80, 6/1 tot 6/12).

Hierdie man het nou vuur gevat, sodanig dat daar reeds in 1926, kort na die vertrek van ds. Luckhoff, 'n hewige onenigheid tussen hom en Tjaart van der Walt ontstaan het.

Ds. Wasserfall slaag daarin om net voor sy vertrek, in Januarie 1927, „vrede" tussen die twee partye te bewerkstelling (Klag, 11 Julie 1928, p. 6). Maar ds. Wasserfall was nog skaars weg, of die vete tussen die twee het opnuut ontbrand! In 'n brief, gedateer 13 November 1927, word daar 'n klag deur Tjaart van der Walt teen Conradie aanhangig gemaak (Ibid.). Voordat die kerkraad die klag kon behandel, het Van der Walt die klag egter mondelings teruggetrek. Ds. Hurter, wat die gemeente in 1927/28 besoek het, bewerk weer tydelike vrede, maar ook hy was skaars weg, of dieselfde ou beskuldiging teen Conradie steek weer kop uit. In 'n brief, gedateer 27 Februarie 1928, aan die N.G. Vrouebond, ontboesem Van der Walt hom in sulke growwe en onverfynde taal teenoor Conradie dat gevra kan word: is dit die wyse en verstandige oue Vader oor wie ds. Luckhoff sulke lofliedere geskryf het?

Met snydende sarkasme verneem ons dat hy baie jammer is *„oor die gedurige twis soekery van F.D. Conradie, die Heersugtige en Eersugtige Sekretaris van die Bond ... ek moet u seg dat ek al vies is vir Koenradie en sy* lae vuile briewe *waar my huis al vol van is. Hy moenie dink dat hy weer met 'n arme swake vrou besig is nie wat maar net gaan sit of lê en huil en niks sê nie ... hy kannie lewe sonder rusie nie hy is van die een op die ander. Ek kan 'n lys van meer as 20 persone en gevalle noem wat hy al hier mee getwis het, 8 wat hy van dag mee in vyandskap verkeer. Hy het die vroue van die Bond al so onder sy Heersugtige invloet dat hulle tot oneer van hulle self dink dat hul te dom en te sleg is om sonder die X Prokureur klaar te kom. As hy maar so as sy skoonseun vir hom gesê het doen n.l. gaan werk moenie lat jou vrou vir jou kos en huishuur verdien nie, dan sal daar*

*nie tyd wees vir Koning Frans onder die Vrouens nie ... Net soos 'n wintmaakrigge Hotnot spog hy met sy geleertheid en sy „job" onder die vrouens.*

*„Net bokant die Bondseel buitekant die Komfert staat sy „F. Conradie, Sekretaris" in pronk letters, die Spanjaarde moet ook sien wie die Hooggeleerde Heer is met so 'n lekker „Job" ... die X Prokureur wil graag praktiseer maar is twisiek en te eersugtig om 'n goeie betrekking te beklee. Sy* **hooghartige brief** *aan Ouderling J. Biggs is 'n nuwe bewys van sy twissiek karakter. Net soos die Fariseer siet hy die splinter in 'n ander sen oë maar die balk in sy eie trotse oë merk hy nie"* (Van der Walt, 27 Feb. 1928).

Wat in toorn gesê word, bevat dikwels elemente van die waarheid. Van der Walt maak ook melding in die brief van naamlose („geheime") briewe wat Conradie aan sy vrou sou gestuur het (Ibid.). Naamlose briewe was in hierdie periode dikwels in omloop in die Nederduits Gereformeerde gemeente.

F.D. Conradie wat nie net as kassier, maar ook as sekretaris van die Nederduits Gereformeerde Vrouebond opgetree het, word kort na sy verskyning op die toneel deur ds. Luckhoff beskryf as *„rerig 'n uiters lastige mens wat 'n mens se geduld baie op die proef stel"* (Luckhoff, 28 Okt. 1929). *„In my ondervinding,"* so skryf ds. Luckhoff verder, *„het ek selde 'n mens getref wat meer onhandig kon optree as Conradie"* (Ibid.).

Ds. Wasserfall beskryf hom as *„'n aller moeilikste mens om mee te handel"* (Wasserfall, 15 Aug. 1929), as iemand wat dikwels op 'n mens se senuwees werk (Wasserfall, 23 April 1929). Ten opsigte van Tjaart van der Walt en Conradie skryf hy aan ds. Luckhoff: *„A! Br. u ken daardie persone nog nie. En u kan geen regte begrip vorm aan hoeveel moeilikheid en hartseer hulle getwis al vir die Kerkraad en vir my persoonlik berokken het"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Tjaart van der Walt was egter nie die enigste persoon met wie Conradie in vyandskap gelewe het nie. Hy skryf self dat ouderling Stegman geweier het om hom te groet of die hand te gee; dat hy geweier het om een woord met hom te praat en dat hy vir jare die rug reeds op hom draai wanneer hulle mekaar ontmoet; dat Stegman ander kerkraadslede opgehits het om hom ontslaan te kry as kassier, omdat hy nie lidmaat van die Nederduits Gereformeerde kerk was nie (Conradie, 17 Julie 1933).

Wie Conradie geken het, sou nie hoef te geraai het wat die verhouding hierna

tussen hom en Stegman was nie. Conradie stel self die vraag: „*Gestel nou dat enige Leraar dit waag om huisbesoek in my huis te doen, vergesel van J.A. Stegmann – wat gaan gebeur?*" (Ibid., p. 12). Die antwoord laat hy aan die leser oor.

Die stof het na die onsuksesvolle poging van Stegman om die kassier uitgeskop te kry, nie gaan lê nie. Dit blyk baie duidelik uit 'n naamlose brief gerig aan ouderlinge J.A. Stegman, J.S. Botha en oud-ouderling John Blackie. Van die drie word gesê: „*dit blyk of die hele gemeente nou al weet dat deur julle 'n soort van sameswering teen die Kassier van ons Kerk op tou gesit is ... dis baie jammer om rede dat julle dit vir ons jong Leraar net onnodig baie moeilik gaan maak, en omdat julle sover as bekend, geen enkel rede noem nie waarom julle die oproer teen die Kassier maak.*

„*Die regte manier was tog om hom voor die Kerkraad te bring. Julle aldrie onthou tog die saak wat ouderling Van der Walt teen die Kassier had? Het julle dan niks daaruit geleer nie? As lidmaat van die Gemeente waarsku ek julle dat as julle voortgaan met die opstokery dat julle 'n Wanorde, en miskien skeuring in die Gemeente gaan bring, en ook onherstelbare kwaad sal doen aan die Gemeente en julleself. Julle ken die Kassier net so goed as ek, hy sal dit vir julle baie moeilik maak – moeiliker as julle dink.*

„*As daar enige klagte is teen die Kassier, waarom bring julle hom nie voor die Kerkraad nie – dis tog die regte manier, en is ook baie verstandiger?*

„*As mede-lidmaat van die Gemeente waarsku ek julle dat julle met ontplofbare stof speel.*

„*Sodra daar vrede gemaak is tussen julle, of sodra daar 'n tugsaak in die lewe kom tussen julle, sal ek my naam aan julle almal bekend maak – intussen is dit 'n waarskuwing van : 'n Lidmaat van die Ned. Geref. Gemeente*" (Feb. 1934).

Onder aan die brief staan daar in potlood geskryf dat dit later bewys is dat dit afkomstig was van Conradie (Ibid.).

Die skryfwyse en die lettertipe van die tikmasjien dui inderdaad daarop. Baie interessant is dat hy homself beskryf as iemand wat die wêreld van ander baie moeilik kan maak.

Die volgende naam wat na vore spring, is dié van J. Biggs. Tot nou toe was

hy in kerklike kringe nog 'n geheel en al onbekende persoon. Op 28 November 1927 is hy deur die Ringskommissie van Kaapstad tot ouderling van die Gemeente Chubut benoem (Smuts, 28 Nov. 1927).

Dit het ook nie lank geduur voordat hy sy kleur begin wys het nie. In 'n brief gedateer 28 Mei 1928 aan ds. Hurter verneem ons dat *„T.J. van der Walt en J.J. Biggs het hul verantwoordelikheid vir die waarborg wat hulle geteken het gerepudiëer! ... Veral naar aanleiding van die verhouding tussen Van der Walt en my spyt dit my om te sê, dat die ou man 'n verpestende Kanker hier in die gemeente is, en nou het hy Jan Biggs gekry om met hom saam te loop, en die rus in die Kerkraad te verstoor! ... Die kwessie van die Kerkraad met Biggs en Van der Walt is treurig, ernstig – vernederend en 'n klat op die gemeente"* (Conradie, 28 Mei 1928). Wat die „kwessie" was, is nie vir ons duidelik nie.

In elk geval word J. Biggs deur ds. Wasserfall ook beskrywe as 'n „moeilike Kerkraadslid" (Wasserfall, 12 Mei 1929). In April 1929 berig ds. Wasserfall dat Biggs as ouderling „bedank" het en dat sy bedanking aangeneem is (Wasserfall, 23 April 1929). *„Wel,"* so skryf hy in 'n latere brief, *„die laaste Kerkraadsvergadering (sonder Biggs) was so aangenaam en ordelik as wat 'n mens maar kan verlang"* (Wasserfall, 12 Mei 1929). Hiermee het hy dan ook weer van die toneel verdwyn.

Ons het reeds verneem van die vyandskap wat daar tussen ouderling Stegman en Conradie bestaan het. Maar wat weet ons verder van Stegman? Ds. Wasserfall beskryf hom as 'n steunpilaar (Wasserfall, 23 April 1929). Al word hy deur ds. Wasserfall as 'n steunpilaar bestempel, tref ons tog ook negatiewe klanke rondom hom aan. Afgesien van die feit dat hy vyf plase besit het, met 'n puik kudde skape, word daar vermeld dat hy vir twee jaar reeds nie 'n „centavo" vir die kerk gegee het nie (Conradie, 17 Julie 1933). Daar word verder vermeld dat hy geweier het om saam te werk toe daar 'n poging aangewend is om hamels in te samel tot verligting van die gemeente se finansiële laste (Ibid.).

In 1933 verneem ons van verdere onenigheid waarby Stegman betrokke was wanneer daar 'n klagte deur die Gereformeerde kerkraad by die Nederduits Gereformeerde kerkraad teen hom ingedien word. In die klag is beweer dat *„Stegman in ope vyandskap lewe met een van die Gereformeerde lidmate"* (Kerkraad, 6 Jan. 1933).

Die viering van ouderling Stegman se silwerbruilof het verder aanleiding ge-

gee dat sy naam in die argiewe verewig sou word. Daar is in die omgang naamlik gepraat van die „Ouderlingsdans", omdat hy sy silwer bruilof gevier het, deur 'n groot dans te organiseer en te hou! (Conradie, 17 Julie 1933, p. 10).

Daar was by die geleentheid „oor die honderd mense teenwoordig", is geskryf. „*Oue van dae, jongelinge en jongedogters, kreupeles en gesonde tesame met Oudll. Stegmann, Botha, Diak. Vorster, Rust. Oudl. Cook; en daar was genodigde en ongenodigde gaste, om die Feesviering by te woon en hierdie ouderlinge is die geestelike leidsliede van die Gemeente! Hierdie Ouderlinge en Kerkraadslede, in plaas van die weinige ouers die worstel om hul kinders van die „Satans Baan" te hou, te help, stoot hulle die jongmense in die ope arms van die duiwel*" (Ibid., p. 10).

'n Volgende persoon van wie ons ook nou die eerste keer hoor, is John Blackie. John Blackie is op 18 Desember 1926 op 'n Gemeentevergadering aan huis van G. Schoeman gekies „*tot ouderling van die Nederduits Gereformeerde Gemeente van Chubut, om veral te dien in die wyk Quadrada, Chaira en Oostelike deel van die Pampa*" (Wasserfall, 19 Des. 1926). Na die stigting van die Gemeente Chubut in 1927 is hy deur die Ringskommissie van die Ring van Kaapstad tot ouderling van genoemde gemeente benoem (Smuts, 28 Nov. 1927). In 1930 verneem ons: „*dat die verhouding tussen hom en Willie Blackie glad nie is, wat dit behoort te wees nie*" (Wasserfall, 23 April 1930). Ds. Wasserfall skryf aan hom dat „*Willie verklaar, dat hy van sy kant wel nie kwaad is nie; maar dat hy geen vrymoedigheid het om naar u te gaan nie, omdat u hom uitdruklik gesê het, dat dit nou „basta" is tussen u en hom en dat hy sy voete nie weer in u huis hoef te sit nie*" (Ibid.).

Ds. Wasserfall wat baie ontsteld oor die verhouding was, wys daarop dat dit „*bepaal nadelig gaat werk op die Gemeente, aangesien u albei Kerkraadslede is, en nogal van dieselfde wyk*" (Ibid.).

Hoe die onenigheid opgelos is en of dit wel opgelos is, is onbekend.

In 1933 ontmoet ons hom weer as 'n ontevredene, wanneer daar 'n brief van hom op die kerkraadsvergadering van 25 Oktober 1933 dien. Hy skryf blykbaar nie net namens homself nie, maar ook namens ander ontevredenes. „*Hier heers ontvredenheid verwarring disvertrouwenheid en dies meer*", skryf hy, „*die gemeente lede het rede daarvoor, laat ons u dit sê, as die Afrikaander natie sy bestierders nie meer vertrouw nie, dan is eenheid ge-*

*breek en daar is verbrokkeling, en as dit so bly, gaan dit gebeur, wat gaan u as Kerkraad doen"* (Blackie, 20 Okt. 1933).

Die ontevredenheid het gegaan oor onderwyssake en die finansiële beleid van die kerkraad.

Hy sluit sy brief af: *„Skoolraad sonder skole en 'n gemeente vol ongeleerde kinders, en 'n gesalasieerde en geleerde Kassier met 'n kerkkas vol skuld bewyste, bevredig ons nie, ons moet meer weet of meer besit"* (Ibid.).

So kan ons elkeen van die ouderlinge na vore roep. In 1929 verneem ons van 'n *„dwarstrekkery wat reeds weer daar op Sierra Victoria begin het, omtrent die kwessie waar die nuwe skool, wat hulle wil bou, sal moet staan; en hierdie keer kom die moeilikheid van ons eie Ned. Geref. mense!"* (Wasserfall, 10 Nov. 1929). Niemand anders as ouderling Hendrik Kruger was nou die spelbreker nie. *„... Ek probeer om die moeilikhede uit die weg te ruim,"* skryf ds. Wasserfall, *„maar dit gaan swaar"* (Ibid.).

Slegs ten opsige van die orige ouderling, naamlik Geo Peach, word nêrens in enige notule of korrespondensie melding gemaak nie.

Ons wil tog nog die naam van M.G.G. Visser, die voortreflike skriba van die kerkraad, noem. Visser is tot diaken deur die Ringskommissie van Kaapstad benoem op 28 Nov. 1929. Van hom is geskryf dat hy 'n man was *„Wat van die vroeë môre tot die late aand in die besigheid staan en wat sy vrye namiddag (Saterdag) wy om hom voor te berei vir die twee dienste van Sondag en vir die Sondagskool vir ons minderbevoorregte kindertjies"* (Van Huyssteen, p. 56).

Hy was 'n broeder met 'n fyn aanvoeling vir sake en het sy skribawerk met getrouheid en nougesetheid gedoen. Maar helaas, die land met „sy onstuimigheid op meer as een gebied" het ook 'n greep op Visser gekry. Ds. Sonneveldt kla met 'n bewoë hart teen ds. D.P. van Huyssteen: *„ouderling M. Visser was naar zijn plaats in Salamanca om by een put te werken op den dag des Heeren"* (Sonneveldt, 22 Junie 1932).

Ontheiliging van die Dag van die Here was 'n sonde wat al meer en meer begin toeneem het onder die Afrikaners in Chubut. Ook die kassier van die gemeente vermeld êrens dat hy ouderlinge by name kan noem wat op *„Sondae spesiale Konstruktiewe werk op die plaas gaan doen"* het (Conradie, 17 Julie 1933).

Die persone wat ons nou van naderby bekyk het, moet ons aanneem, was diegene na wie ds. Van Huyssteen verwys het, wie se oë nou oopgegaan het en vuur gevat en 'n lewendige aandeel begin neem het aan die ontwikkeling van die gemeente.

Ons het reeds gewys op die klag wat Van der Walt teen Conradie by die kerkraad aanhangig gemaak het. Die klag is egter mondelings teruggetrek en tydelik is vrede deur ds. Hurter bewerkstellig.

Na die gewraakte brief van Van der Walt aan die Nederduits Gereformeerde Vrouebond, het Conradie toe op sy beurt weer 'n klag teen Van der Walt by die kerkraad ingedien (Klag, 11 Julie 1928). In die klag is Van der Walt beskuldig van:
1. Kruipery en muitery in die gemeente.
2. Leuentaal.
3. Poging tot kwaadstigting tussen hom (Conradie) en sy kinders.
4. 'n Slegte en vernielende invloed uitoefende op die gemeente.

Terselfdertyd het Conradie 'n ondersoek geëis na die beskuldiging van Van der Walt teen hom en sy eggenote (Ibid.).

Die rusie tussen Conradie en Van der Walt het in kort hieruit voortgevloei: *„Conradie skryf in die Bonds Notule van 6 Feb. 1926 dat hyself onder meer tot Kassier van die Bond gekies is. Oom Tjaart skryf presies dieselfde ding aan sekere lede van die Bond op 9 Februarie 1926, dus net 3 dae na die vergadering. Ou Tant Betta as Presidente, teken daardie brief en teken ook later die Notule as korrek. Agterna begint hulle albei vir Conradie publiek beide mondelings en skriftelik beskuldig dat hy die Notule in Kwessie vervals het deur daar in te skryf dat hy destyds tot Kassier van die Bond gekies was. En uit daardie beskuldiging wat nou al byna 3 jaar bestaan en herhaaldelik nog gemaak word, het toe 'n hele moeilikheid ontwikkel"* (Wasserfall, 15 Aug. 1929).

Die saak het voor die kerkraad gedien op 22, 23 en 24 September 1928. Tot 'n hele aantal bevindings is gekom waarvan ons slegs die belangrikstes aanstip:

1. *„(2) Dat die gewraakte dele van die Vrouebonds Notule ... Waaromtrent hy die Hr. Conradie beskuldig, nie die minste teken van vervalsing openbaar nie..."*

2. *„(3) Dat die hele optree van die Hr. v.d. Walt die indruk verwek, dat hy*

*nie soseer weens belange van Gemeente of Bond, as wel om rede van 'n persoonlike gevoel teen die Hr. Conradie só en nie anders gehandel het nie, en selfs probeer hèt om die Hr. Conradie van sy poste te verstoot deur middel van Vrouebond en Kerkraad"* (Die Klagstaat, 11 Julie 1928).

Wie mooi luister en opgelet het, vind in laasgenoemde bevindings bykans dieselfde motief wat ds. Sonneveldt aangedui het as rede waarom Van der Walt na die „Moederkerk" geskryf het óm 'n predikant na Chubut te stuur (Sien Hoofstuk 3).

3. *„(6) Dat die Hr. v.d. Walt in sommige van sy geskrifte 'n gesindheid van verbittering openbaar, en uitdrukkings gebruik, wat bepaald 'n afbreuk vir Gods Koninkryk sou wees, as die Gemeentelede, en veral die Jongmense dit moet lees of hoor; en dit nogal veral in 'n brief gedateer 27 Feb. 1928, gerig aan die Vrouebond, wat bestaat uit Vroue en Jongedogters.*
*Hy mag dit nie so bedoel nie, maar sy voorbeeld en invloed deur hierdie saak geset en uitgeoefen, was bepaald nadelig vir die Gemeente. Nogtans neem die eerw. Kerkraad in aanmerking, dat die Hr. v.d. Walt die afskrif van die Bondsbesluit van 17 Februarie 1928, waarteen hy so sterk gevoel het, ontvang het, juis toe Mevr. v.d. Walt ernstig siek was, en die Hr. v.d. Walt toe seker nie in 'n normale gemoedstemming was nie."*

4. *„(8) Wanneer die Kerkraad in aanmerking neem die hoë ouderdom van die Hr. v.d. Walt, sy vele dienste aan die Kerk in die verledene, die jonkheid van hierdie N.G. Gemeente, en die moeilike posisie van ons klein Gemeente in hierdie land, dan betreur die Kerkraad dit des te dieper, dat hy bostaande bevindinge moes uitspreek; maar juis daarom temeer gevoel die Kerkraad hom genoodsaak om nou aan die Hr. v.d. Walt as gemeentelid die volgende eise te stel as die sagste toepassing van Art. 333 onder omstandighede:*
   *(a) dat hy dadelik in teenwoordigheid van 'n kommissie, die uit die Eerw. Kerkraad benoem, aan die Hr. F.D. Conradie sal beken, dat hy (die Hr. T.J. v.d. Walt) buiten sy bevoegdhede gehandel het, deur homself ongevraagd deur die Vrouebond, in te laat met aanstellinge, wat die Hr. Conradie van die Vrouebond ontvang het.*
   *(b) dat die Hr. v.d. Walt tegelykertyd sy beskuldiginge teen die Hr. Conradie van vervalsing van die notule, en wat daarmee saamhang, onvoorwaardelik terugtrek as* onbewese en ongegrond.
   *(c) Dat hy die volgende skriftelike Verklaring in triplikaat teken voor*

*getuies:*
*Ek, T.J. van der Walt, trek hiermee my beskuldiging en klagtes teen die Hr. en Mevr. F.D. Conradie (viral soos genoem in my brief van 12 Junie 1928 aan die presidente van die N.G. Vrouebond) onvoorwaardelik terug, as synde ongewettig en ongegrond volgens bevindinge van die Kerkraad.*
*Ek betuig my leedwese oor die griewe, wat daar tussen ons en ons huisgesinne gedurende die afgelope twee jaar bestaan het; en ek beloof hiermee aan die Eerw. Kerkraad en aan die Hr. en Mev. Conradie, om van my kant nooit weer deur woord, geskrif, of daad die griewende kwessies op te haal nie.*
*Ook stem ek in dat, as ek eerste hierdie belofte breek, die Hr. of Mev. Conradie my dadelik by die Eerw. Kerkraad van die N.G. gemeente kan aankla"* (Die Klagsaak, 11 Julie 1928).

Ds. Wasserfall was met die bevindinge tevrede, ook met die feit dat die tug gehandhaaf is. 'n Wapenstilstand het hierna tussen Conradie en Van der Walt gevolg, maar, so skryf ds. Wasserfall, *„ek vertrou ook nie altoos daardie stilte nie! Dit ten minste het ek gewin, dat die Kerklike Opsig en Tug en Dissipline gehandhaaf word, en dat ek (en ook die Kerkraad) tog nou die laaste paar maande my aandag kan gee aan die meer wesentlike belange van die Gemeente"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Wanneer ons die „Klagsaak" ter hand neem,kom 'n mens onder die indruk van koue onbewoënheid jeens die sondaar. Dit skep die indruk van 'n hofsitting en nie van „Kerklike Opsig en Tug en Dissipline" nie. Die bewoënheid ontbreek. Nêrens verneem 'n mens dat die eer van God hiermee gemoeid was nie, dat die behoud van die sondaar gesoek is nie. Hoogstens verneem ons: *„dat die Hr. v.d. Walt in sommige van sy geskrifte 'n gesindheid van verbittering openbaar, en uitdrukkings gebruik, wat bepaald 'n afbreuk vir Gods Koningkryk sou wees, as die Gemeentelede, en veral die Jongmense dit moes lees of hoor..."* (Klagsaak, punt 6).

Wat was nou die uitwerking van die „Kerklike Opsig en Tug en Dissipline" soos deur ds. Wasserfall en die Kerkraad gehandhaaf?

*„Toe die Kerkraad ... die bevindinge ... en hom (Br. v.d. Walt) daarby sekere eise voorlê, die sagste wat ons onder omstandighede kon voorlê, toe word hy kwaad, skryf 'n beledigende brief aan die Kerkraad, waarin hy my (ds. Wasserfall) persoonlik beskuldig van die allerernstigste dinge, en bedank as lidmaat van die Kerk met ou Tant Betaa inkluis"* (Wasserfall, 15 Aug. 1929).

Die „bedanking" het geskied op 18 Junie 1929.

Ds. Luckhoff se reaksie hierop was dat *„na alles wat ek onder sy dak ondervind het en met die oubaas saam deurgemaak het met ons rondreis in die Kolonie, en na dat die Kerksake so wonderlik gevorder het sinds, my besoek, vind ek dit darem so baie jammer dat hy nou werklik vir hom van die Kerk onttrek het, en ek is alte hartseer daaroor. Aan die anderkant weet ek goed watter hardekop die oubaas is, maar my ondervinding was dat hy hom altyd deur my laat lei het, nieteenstaande watter gedagtes en planne hy ook al gehad het. Nou-ja, ek hoop nog dat alles nog eendag sal regkom"* (Luckhoff, 28 Okt. 1929).

Ds. Luckhoff het slegs die hoop uitgespreek dat alles nog wel eendag sal regkom, maar self het hy geen poging aangewend om Van der Walt tot ander insigte te beweeg nie.

Hy wat vroeër die held was, wie se optrede die Nederduits Gereformeerde kerk van ondergang gered het (Conradie, 31 Okt. 1935, p. 22), word nou oor gewonder *„of hy heeltemal pluis in die boonste verdieping is"* (Wasserfall, 26 Feb. 1929).

'n Mens kan ook nie verwag dat daar veel moeite gedoen sal word om so 'n „moeilikheidmaker" in die kerk terug te kry nie. Op 26 Mei 1930 is Van der Walt oorlede in die ouderdom van 75 jaar (Sonneveldt, Junie 1930, p. 8). *„Diep tragisch is echter,"* so het Sonneveldt by sy heengaan geskryf, *„dat br. Van der Walt, die zoo veel deed voor zijn leeraar en Kerkeraad niet recht te zijn behandeld. Dankbaar aanbidden we Gods bestel, dat we br. en zr. van der Walt, met wie wij een strijd hadden te voeren, nog voor hun heengaan konden vertroosten met Gods Woord en dat we by ons laaste bezoek aan Chubut van br. Van der Walt bidden afscheid namen, zonder te vermoeden, dat we elkander op aarde niet meer zouden zien"* (Ibid.).

Voor sy dood het hy en Conradie egter tot versoening gekom. Aan ds. Luckhoff skryf ds. Wasserfall net na sy dood *„dat dit u seker sal verheug om te hoor, dat Oom Tjaard en ou Mnr. Conradie omtrent 10 dae voor die dood ingetree het, elk afsonderlik na mekaar begin verneem en ek wil byna sê:* **verlang** *het, met die gevolg, dat hulle mekaar sommer gou daar in die sieke kamer ontmoet het en die hand van broederskap gegee het, waarvan ek die voorreg had om getuie te wees. Ons het die liewe Heer gedank"* (Wasserfall, 28 Mei 1930).

Ons wil konkludeer dat die onderlinge rusies 'n geweldige groot deel van die tyd van die werksaamhede van die kerkraad in beslag moes geneem het, veral die rusies wat daar tussen Van der Walt en Conradie bestaan het.

Ons wil ook saamstem as daar gesê word dat dit *„hierdie onheilige dade binne die mure van die Konsistoriekamer in die Kerkraadsvergadering is wat deursyfer naar die lidmate en lede van die Gemeente en dan fier die Satan fees -- hy verheug hom in die rype oogs van minagting deur die jongmense, en sommige volwassenes, vir ouderling en diaken, vir godsdiens, Godswoord, en Godshuis, omdat die Kerkraadslede die aanleidende oorsake verskaf!"* (Conradie, 17 Julie 1933).

Ons wil verder konkludeer dat die verbreking van die samewerking ten opsigte van die onderlinge verhoudinge binne die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut niks goeds meegebring het nie. Inteendeel, dit het nuwe twiste en onenigheid tot gevolg gehad, ja *„self in hun eigen gemeente is die eenheid verloren"* (Sonneveldt, 24 Jan. 1933).

Die persone wat nou vir die eerste keer navore getree het, het wel 'n aandeel gehad in die ontwikkeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Chubut na die verbreking van die samewerking, maar hulle was ook bestempel as „lastige mense" wat vir jou die wêreld kan moeilik maak (Wasserfall, 15 Aug, 1929); as „ontroues en teëwerkers", as „Judasse binne die Dissiepelkring" (Wasserfall, 12 Mei 1929). Dit is inderdaad 'n harde oordeel oor diegene wie se oë sedert 1925 oopgegaan het.

## 3. FINANSIëLE PROBLEME.

Nog tydens die besoek van ds. Luckhoff in 1925, is daar 'n kassier vir die gemeente benoem en het Conradie 'n stel boeke vir die te benoeme kerkraad aangelê (Conradie, 1926).

Met die oog op insameling van fondse vir die gemeente, is besluit dat elke lid van die Waaksaamheidskommissie met 'n kollektelys sy wyk sal deurgaan (Notule, 7 Nov. 1925, p. 59). 'n Bankrekening is geopen en alle reëlings is getref om die finansiële aspek van die gemeente op 'n gesonde basis te plaas (Ibid.).

In September 1927 is F.D. Conradie as kassier benoem en rapporteer hy dat in die twee jaar tot en met sy benoeming as kassier 3300 pesos* meer geïn

* Een Rand is ongeveer 5.70 pesos.

is as wat in die kerkgebou belê is (Conradie, 17 Julie 1933). Hoeveel die kerkgebou hulle toe tot op datum gekos het, is onbekend. Dit lyk egter asof dit met die insameling van fondse nie te sleg gegaan het nie.

Tydens die eerste besoek van ds. Wasserfall aan Chubut in 1926/27 het hy „waarborglyste" laat teken en dit het getoon dat die gemeente minstens 2009 pesos per jaar vir die „salaris" van 'n vaste predikant sal kan bydra (Wasserfall, Jan. 1927).

Die kerkraad, beïndruk met die waarborglys van 2009 pesos besluit toe om die Algemene Armsorgkommissie te versoek om 'n permanente predikant na Chubut te stuur (Luckhoff, 1 Junie 1927).

Volgens skaal, soos deur die Sinode vasgestel, moes die minimum „salaris" van 'n predikant £400 wees, dus ±4560 pesos (Luckhoff, 1 Junie 1927).

Vir die „salaris het die kerkraad onderneem om 2000 pesos per jaar by te bring met die veronderstelling dat die Algemene Armsorgkommissie die balans sal aanvul (Skriba, 10 Maart 1927; Ibid.). Die hoogste bedrag wat egter deur die Kommissie aan hulpbehoewende gemeentes gegee is, was £150 (Ibid.), dus 1710 pesos. Saam met die bydrae van die Kommissie vir hulpbehoewende gemeentes kon die „salaris" van 'n predikant dus nog nie eers bymekaar gebring word nie, maar daar was reeds 'n tekort van ongeveer 900 pesos. Aangesien die gemeente nog nie oor 'n pastorie beskik het nie, sou hulle ook nog 'n huis moes huur teen minstens 1800 pesos per jaar (Skriba, 25 Sept. 1927). Daar sou verder ook nog voorsiening vir reiskostes binne die gemeente gemaak moes word, asook om die predikant se onkoste by eventuele vertrek na Suid-Afrika te delg.

Sou die gemeente finansieel die mas opkom?

Na die verbreking van die samewerking het iemand daarop gewys *„dat in al die jaren het maar sukkelen is geweest om het vereischte salaris voor Ds. Sonneveldt by elkander te krygen, waaraan beide kerken bydroegen. Nu is het voor my een raadsel hoe elke Kerk een eigen predikant kan aanhouden ..."* (Van Norden, 18 Mei 1926, p. 19). Niemand anders nie as ds. Luckhoff self het gemeen dat daar vir die huidige nog 'n jaar gewag moet word om 'n predikant te beroep. *„Vir salaris,"* skryf hy, *„kan op die oomblik nie eers die helfte van die salaris plaaslik gewaarborg word nie"* (Luckhoff, 1 Junie 1927). Die kerkraad wou nie toegee nie en het geargumenteer dat hulle *„'n hele paar stappe vooruit gegaan het in die laaste tyd, wat die vooruit-*

*sig ook beter maak lyk en daarby die Gemeente lus gee tot ondersteuning. Ons het ook mooi reends gehad wat die sake ook 'n wynig ophelder"* (Visser, 25 Sept. 1927).

Toe die versoek op sy vergadering in Augustus 1927 gedien het, het die Algemene Armsorgkommissie dit egter goed gevind dat die gemeente 'n vaste predikant wil beroep en vir die doel £250 per jaar vir drie jaar beskikbaar gestel (Smuts, 28 Nov. 1927). Die Ringskommissie het ten opsigte van die finansiële aspek die oë ook maar toegeknyp en gemeen dat met beter bearbeiding dit wel sal regkom. In die hele opset was daar egter iemand wat nugter was en dit was die kassier van die gemeente.

Net voor die koms van ds. Wasserfall, die eerste predikant van die gemeente, skryf hy aan ds. Hurter, na aanleiding van 'n berig dat die Algemene Armsorgkommissie ook 'n onderwyser met ds. Wasserfall saam stuur:

*„Wat moet die man hier doen gedurende die wintermaande, en wie gaan die onkoste betaal? My waarde Vriend keer tog, ... – ons is diep hartlik innig dankbaar aan die Moederkerk maar onthou wat ek hier sê – hierdie gemeente sal altyd gelei word, maar nie* gedrywe *nie! U kan baie doen vir ons, en ek weet U sal dit ook doen, maar waak teen selfs die skyn van dwang!! Finansieel is die Gemeente vir hierdie jaar uitgeput – „they are bled white". En dan ook T.J. van der Walt en J.J. Biggs het hul verantwoordelikheid van die waarborg wat hulle geteken het,* gerepudieer! *Adriaan v.d. Walt het ook nie betaal nie – het nie geld nie maar hy lieg! Ou W. Cook maar $100 van die $1000! Van die $5500 op die Waarborg lys het slegs $2474 ingekom ... Ons is hard besig om die pastorie in orde te kry. Dis 'n huurhuis $150 in die maand ...* **ek weet nie hoe die sake gaan loop nie op finansieel** *gebied – ek is bang, baie bang ..."* (Conradie, 28 Mei 1928). Pas na die aankoms van ds. Wasserfall in Chubut verneem ons ook dat sake vir die gemeente op finansiele gebied nie so goed daar uitsien nie (Wasserfall, 21 Aug. 1928). Daar was reeds 'n „bietjie skuld" (Ibid.).

Met 'n gemeente wat „nog nie georganiseerd" (Ibid.). was nie en op die jaarprogram 'n pastorie wat gebou moet word, die onderwys wat groot bydraes sou vra, en 'n gemeente van wie baie „finansiëel gekrenk is" as gevolg van die hoë grondbelastings wat hulle aan die begin van 1928 moes betaal, was die vooruitsig op dié gebied nie te rooskleurig nie. Nogtans was ds. Wasserfall vol moed. *„Die gewone kollektes by die Dienste hier op die Dorp,"* het hy geskryf, *„geneem gedurende die eerste maand het die som van $144 (of £12) bedra – dus byna al die huurgeld vir die teenwoordige*

*Pastorie; en ons verwag dat dit gedurende die somermaande nog beter sal gaan, wanneer die Buiteboere meer geleentheid sal hê om Kerktoe te kom"* (Ibid.). *„Mooi reëns het ook almal se harte met moed gevul"* (Ibid.).

Ds. Wasserfall het besef dat hy die leisels van die begin af op dié gebied styf sal moet vat. Die kerkraad het dan ook deeglike riglyne ten opsigte van die dankoffers neergelê (Bylaag 8).

Tot en met Februarie/Maart 1929, wanneer die eerste dankfeeste gehou sou word, sou dit maar wurg-wurg met die gemeente gaan. In die lig hiervan pleit ds. Wasserfall vir 'n spoedige versending van die beloofde £150 van die Algemene Armsorgkommissie (Wasserfall, 3 Nov. 1928). Aan die einde van 1928 skryf hy aan ds. Luckhoff dat *„tot nog toe het die Kerkkas hier dit net kon bybring, om die maandelikse huur van die Pastorie en 'n paar items te betaal"* (Ibid.).

Intussen is die eerste dankofferfeeste toe in Februarie/Maart 1929 gehou. Nie net ds. Wasserfall nie, maar seer sekerlik ook die Algemene Armsorgkommissie het met groot spanning gewag om te hoor wat die opbrengs sou wees. Aan die einde van April 1929 kon ds. Wasserfall nog nie die juiste bedrag van die dankoffers bekend maak nie, aangesien die laaste dankofferfees eers op 27 April 1929 sou plaasvind (Wasserfall, 23 April 1929).

Hy kan wel bekend maak dat die basaars wat deur die susters saam met die dankfeeste gehou is, die „aansienlike" som van 2834 pesos of £ 248/10/- opgelewer het (Ibid.). Van hierdie geld is daar maar slegs 354 pesos in die kerkkas gestort. Die res is in die Nederduits Gereformeerde Vrouebond se kas inbetaal (Ibid.).

Die kerkraad het egter die reg behou om, as die nood dit vereis, *„a.s. jaar al hierdie Wyks Basaars vir die Kerk Kas te neem"* (Ibid.).

Na aanleiding van die berig, het die spanning ten opsigte van die opbrengs van die dankoffers opgelaai, veral as later verneem word dat die *„Vroue Bond van ons Kerk vanjaar sowat $3500 gemaak het met wyks Basaars, en Verversings – verkopery op Sports"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Saam met die bemoedigende berigte verneem ons tog ook iets wat onrus verwek. Ds. Wasserfall skryf dat die susters in totaal $1200 vir „predikants salaris" in die kerkkas gestort het (Ibid.).

Dit het dus blykbaar nie so goed met die dankofferfeeste afgeloop as wat verwag is nie. Die presiese bedrag van die dankofferfeeste word dan ook nie aan die Algemene Armsorgkommissie bekend gemaak nie. Daar word slegs verneem *„dat die Diakens nog nie al die Dankoffergawes ingebring het nie, - dus kan ek u nog nie sê presies hoeveel die Dankoffers opgebring het nie"* (Ibid.). Geen rede word gegee waarom dit nog nie geskied het nie. Daar kan aangeneem word dat die geweldige afstande hiervoor verantwoordelik was. Tog lyk dit reeds asof dinge nie alles pluis is nie, want ds. Wasserfall skryf onder andere ook aan ds. Luckhoff:

*„Dit sal u interresseer om te weet dat die Gemeente hier nou sy skuld aan my afgewerk het tot op $1591,85 na; en van hierdie som is slegs $377,8 vir salaris; die res 1214,05 is nog vir verlede jaar se reiskoste, vir lenings, ens. Daar is alle hoop dat dit nou alles teen einde Junie sal vereffen wees"* (Ibid.).

Die kerkraad kon dus die afgelope 10 maande nie elke maand die volle „salaris" aan die predikant uitbetaal nie. Altans, van die ongeveer $1666,60 wat hulle aan salaris moes betaal vir 10 maande kon hulle slegs $88 bybring, $1200 is deur die Nederduits Gereformeerde Vrouebond geskenk, wat hulle dus ten opsigte van sy salaris met 'n nadelige saldo van $377,8 gelaat het.

Aan die einde van die kerkjaar wat op 30 Junie geëindig het, rapporteer ds. Wasserfall aan die Ring van Kaapstad van groot seën en dankbaarheid op finansiële gebied. 'n Bedrag van sowat £800 is ingesamel *„vir die Kerk, Liefdadigheid en onderwys"* (Ibid.). *„Die betreklik ruime opbringste, van so 'n klein Gemeente (slegs 218 lidmate),"* het hy geskryf, *„is des te merkwaardiger, as ons in aanmerking neem, dat ettelike lede, wat wel* kon, *nie na eweredigheid hul deel gedoen het nie, ... en dat 'n groot deel van ons lidmate finansiëel swak staan, en self groot skuldlaste te dra het"* (Wasserfall, Junie, 1929). Intussen het die kerkraad *„skielik so onder die indruk gekom van die onontbeerlikheid van 'n motor"* vir ds. Wasserfall se werk, *„dat hul op 21 deser besluit het om sodra die Boufonds dit toelaat, daarvan genoeg te neem* as **'n lening** *deur die Algemene Kerk Fonds om 'n motor aan te koop. Maar ... ou Br. Petrus Swanepoel het vir ons drie duisend pesos geleen om sommer dadelik 'n motor te koop met die oog op die reeks van Buitedienste in Oktober ... en nou is 'n Rugby koets (4-Cylinder, 2 deure - die ligste van daardie klas koets) aangekoop"* (Wasserfall, 25 Sept. 1929).

In een asem noem ds. Wasserfall egter dat die boufonds op die oomblik geen kontant het nie *„al is hy tans ruim drie duisend vyf honderd pesos sterk, omdat die Algemene Kerkfonds reeds soveel by die Boufonds moes geleen*

*het vir die afbetaling van 'n paar ou rekenings ens."* (Wasserfall, 25 Sept. 1929).

Sake lyk dus nie so rooskleurig as wat ds. Wasserfall in die „Staat van Godsdiens" (N.G.K.A. – Kaapstad, G. 80, 4/1, Junie 1929) voorgegee het nie. Inteendeel, die prentjie op finansiële gebied word vir die gemeente al donkerder. Wanneer ons van ds. Wasserfall in 1930 hoor, klink sombere klanke ons teë. Ons verneem dat die wyksbasaartjies nie vanjaar gehou sal kan word nie, *„daar is geen geld om mee te koop nie! ... die Gemeente is nie onwillig nie ... Ons skuld, saam met die laaste paaiemente wat a.s. op die motor afbetaal word is $5,500 ... nog nooit het hierdie groepie uitgeweke Afrikaners so 'n donker jaar ingetree nie soos wat 1930 is ... die posisie het in die afgelope 6 maande vinnig akuut geword"* (Wasserfall, 22 Feb. 1930).

Met die oog op besparing in die toekoms het hy reeds 'n suggestie aan die Algemene Armsorgkommissie gemaak dat sy opvolger liewers 'n ongetroude persoon moet wees (Wasserfall, 28 Mei 1930). As die finansiële toestand van die gemeente nie gou en baie beter word nie, het hy geskryf, dan sou daar geen hoop wees dat hulle verder huishuur sal kan betaal nie (Ibid.).

Dit was egter nie al verantwoordelikheid wat hulle moes nakom nie. Daarom suggereer hy dat hulle die pastoriemeubels maar moet verkoop *„wat vir hulle soveel gekos het ... en net genoeg hou vir die gebruik van 'n Ongetroude persoon ... ek glo egter vas dat die Alwyse Vader u en die Ringskommissie sal lei, wanneer dit tyd word om te kies, om die regte en beste keuse te doen in belang van hierdie behoeftige en liewe Gemeentetjie in die vreemde land, vir wie daar nog soveel moet gedoen word, voordat hulle as enigsins selfstandig en mondig op Godsdienstige, Opvoedkundige, en Finansiëel gebeid kan beskou word"* (Wasserfall, 28 Mei 1930).

Dit was egter nie alleen ten opsigte van die instandhouding van die erediens wat die kerkraad met sy hand in die hare gesit het nie, maar ook op onderwysgebied het sake byna tot stilstand gekom, en die oorsaak, *„dis weer die geld wat ontbreek"* (Wasserfall, 22 Feb. 1930). Teen die einde van November van dieselfde jaar het dit ellendig gegaan. Daar was groot blydskap by ds. Wasserfall toe hy die wissel van £25 van ds. Luckhoff ontvang. *„Die wissel van £25,"* so skryf hy, *„het ook net betyds gekom om my van die absolute „boomskraapsel" toestand te red ... dit staat met ons geldelike sake so uiters swak, dat ek nie weet hoe ons die mas sal ophaal nie, as ons die bydrae van die A.A. nog later as Maart moet ontvang ... Deur die toesending van hierdie paaiement, het u my nou gehelp om vir die eerste maal in meer as 7 maande*

*weer 'n stukkie salaris te kry; en daar is nog ± £145 aan my verskuldig tot na die end van hierdie maand (Nov.)"* (Wasserfall, 26 Nov. 1930).

Finansieel het sake vir die gemeente dus glad nie so goed daar uitgesien nie. Inteendeel, die gemeente kon sy verantwoordelikhede glad nie meer nakom nie. Iets sou gedoen moes word om die posisie te verlig. Op 13 April 1929 het die kerkraad aandag gegee aan die moontlikheid *„om skape te kollekteer vir die Kerk en te verhuur vir Bou Fonds"* (Notule, 13 April 1929, p. 146). 'n Breedvoerige plan, wat bekend sou staan as die „Skaap skema", is uitgewerk en op sy vergadering van 21 Sept. 1929, deur die kerkraad goedgekeur (Notule, p. 153). Die skema het groot moontlikhede ingehou, maar weens laksheid van die kant van die kerkraad het dit op 'n mislukking uitgeloop (Conradie, 10 Julie 1933).

In Mei 1931 het ds. Wasserfall na Suid-Afrika teruggekeer (Luckhoff, 9 Sept. 1933).

*„Gedurende die bearbeiding van Ds. Wasserfall,"* so is geskryf, *„het hy dit klaar gekry om die leiers van die Gemeente soveel moontlik met hul borste teen die Kerklike tuig te hou, maar hy was noueliks weg of dieselfde toestand het weer die oorhand gekry op die grootste meerderheid van die gemeente ..."* (Conradie, 17 Julie 1933).

Met „dieselfde toestand" is verwys na die toestand wat daar in 1925 in die Nederduits Gereformeerde kerkraad sou geheers het. Destyds sou die kerkraad, volgens Conradie, *„'n sieklike besef van pligte gehad het, ... en 'n gebrek aan finansiële beleid en konstruktiewe werk"* (Ibid.).

Na die vertrek van ds. Wasserfall, so skryf hy (Ibid.), het dieselfde toestand as destyds nou weer in die kerkraad geheers. Hy wys daarop dat *„growwe pligsversuim, ongeoorloofde nalatigheid, 'n hopelose gebrek aan 'n juiste besef van pligte en verpligtinge deur lede, lidmate en veral Kerkraadslede teenoor die Kerk en Godsaak het net so veel te doen met die ellendige toestand, en geestelik en finansiëel van die Gemeente, as die Depressie en die slegte amptelike behandeling van die Afrikaners, behorende aan die Ned. Ger. Gemeente, wat sedert die vertrek van Ds. Wasserfall verval het in 'n onbenydenswaardige staat van jammerlike louheid en armmoed op Kerklike gebied"* (Ibid.).

Hoe het sake ontwikkel na die vertrek van ds. Wasserfall?

In Julie 1933 skryf die kassier van die kerkraad dat die kerkraad gedurende die vier jaar wat hulle die motor besit, nog geen poging aangewend het *„om die Kapitaal van die lening (op die motor) te verminder en het aan oudl. Swanepoel 'al oor die $500 rente teen 6% per annum betaal"* (Ibid.). Maar ook ten opsigte van ander finansiële verpligtinge het die kerkraad nie 'n vinger verroer om die toestand te verbeter nie. Daar is wel besluite geneem, maar *„al die werksaamhede van die Kerkraad,"* is gesê, *„bestaan slegs uit Besluite, en nog Besluite en weer Besluite sonder uitvoering – dit kan bewys word deur notule en feite!"* (Ibid.).

Daar is reeds op gewys dat ds. Wasserfall gekla het dat hy vir sewe maande geen salaris ontvang het nie. By sy vertrek was die kerkraad nog $1874.6 aan hom verskuldig vir salaris (Ibid., p. 5). Dit wil sê dat die kerkraad bykans gladnie sy verpligtinge ten opsigte van ds. Wasserfall vir die laaste jaar van sy verblyf kon nakom nie.

Sedert die vertrek van ds. Wasserfall tot en met Julie 1933, *„het die Kerkraad nog nie 'n vinger geroer om Fondse in te samel vir hierdie saak nie"* (Ibid.).

Intussen het die kassier wel aan ds. Luckhoff berig dat 'n bedrag van 404 pesos byeengebring is vir die agterstallige salaris van ds. Wasserfall. Sy versoek aan ds. Luckhoff was *„dat die A.A. Kommissie die bedrag aan Ds. W. moet oorhandig en dat die A.A. Kommissie met die bedrag gekrediteer word met die oog op 'n uitbetaling aan die nuwe predikant"* (Lukchoff, 20 Okt. 1933).

Waar het hierdie 404 pesos vandaan gekom? Daar is in Junie 1932, deur bemoeiing van 'n lidmaat, buite die kerkraad, 'n plan bedink om fondse vir hierdie doel in te samel (Conradie, 17 Julie 1933, p. 5). Inisiatief van die kant van die kerkraadslede het egter ontbreek om van die plan 'n sukses te maak (Ibid., p. 6), en slegs die genoemde bedrag kon ingesamel word.

Ook ten opsigte van die insameling van die dankoffers het daar 'n onrusbarende slapte by die kerkraad ingetree. Diakens het absoluut in gebreke gebly om hulle werk te doen, op een of twee na. *„Diaken Vorster steur hom so min aan die Dankofferboek as die Boek aan hom!"*, verneem ons (Ibid., p. 7). Dit laat die kassier vra: *„Waarvoor word Diakens van die hierbo beskrewe gehalte gekies? Welke nut is hulle op 'n Kerkraad ... hulle is nie slegs grof nalatig nie, hulle betaal persoonlik ook nie, nie eers agterstallige bedraë waarvoor hulle geteken het"* (Ibid., p. 7).

Nie slegs wat die insameling van die bydraes betref nie, maar ook ten opsigte van die gee van bydraes het die dankbaarheid „by lidmate en Kerkraad" ontbreek. As voorbeeld verwys die kassier na *„C.J.N. Visser, met 12½ plase 15000 skape, 30 hactareas alfalfa en 4000 vrugte bome, volgens sy eie publikasie in die Buenos Aires Herald"*, maar wat botweg weier om finansieel iets aan die kerk te doen (Ibid., p. 7). Oor hierdie voormalige leier van die trekke na Argentinië het ds. Wasserfall in 1930 reeds gekla: *„Die arme man is uit voeling geraak met sy Kerk, sy mede Afrikaners en ek wil byna sê met sy eie kinders ook"* (Wasserfall, 26 Nov. 1930).

Die kassier verhaal verder van ouderling J.S. Stegman *„met 5 plase en 'n puik kudde skape, vir 2 jaar nie 'n Centavo nie – dis voormanne van die Kerk, dienende en rustende Kerkraadslede – daar is, meer van hulle. Nog 'n ouderling die gewoonlik $100 per jaar geteken het (dis ongeveer £8/10/-) vir sy dankoffers het vanjaar maar $50 gegee NADAT die Here hom so mildelik geseën het in die afgelope jaar dat hy nie lank gelede 1000 skape gekoop het en kontant betaal het daarvoor en hulle verhuur het, verder 'n plaas kon bygehuur het aan syne en – hy gee die Here nog maar $50 uit blote dankbaarheid"* (Ibid., p. 7, 8).

Daar word nog na meer sodanige gevalle verwys, asook na die *„dwarsboming van pogings van lidmate om die finansiële situasie te verlig deur Kerkraadslede..."* (Ibid., p. 8).

Bogenoemde tekening van omstandighede was nie maar 'n eensydige waarneming van die kassier alleen nie. Ook ds. P.J. van Vuuren, wat die gemeente vanaf 26 Desember 1932 tot 12 Maart 1933 besoek het, het opgemerk: *„Die bywoning van die Basaars was swak, in elke wyk was daar lede wat die basaar nie bygewoon het nie en wat tog die basaars kon bywoon. Daar is 'n onverskilligheid te bespeur in verband met die insamelinge in die gemeente. Groter erns sal beide by die Kerkraad en die* gemeente *in hierdie saak aan die dag gelê moet word, anders loop die finansiële sake mis in die gemeente"* (Van Vuuren, Rapport, 1 Jan. – 11 Maart 1933).

Die toestande het sedert die vertrek van ds. Wasserfall nooit verbeter nie. Tot en met die ontbinding van die gemeente in 1938 het die Algemene Armsorgkommissie die „salaris" van al die besoekende leraars gewaarborg, en was die kerkraad slegs verantwoordelik vir kleinere uitgawes (Luckhoff, 20 Mei 1933).

Die kerkraad sou slegs verantwoordelik gehou word vir die *„Losieskoste en*

*woning van die leraar gedurende sy verblyf in die gemeente ... ook, sou die Kerkraad sorg vir die vervoer van die predikant in die vervulling van sy gemeentelike werk"* (Ibid.).

Nieteenstaande die ligte finansiële las wat voortaan op die gemeente sou rus, kon die gemeente sy finansiële verpligtinge nog nie nakom nie. Tydens die besoek van ds. Klopper in 1936 is besluit om die kerkmotor te verkoop in 'n poging om die kerkskuld te probeer delg (Visser, 1 Mei 1936).

Die kerkraad het *„skroomloos onverskillig gebly wat die agterstallige Salaris van Ds. W. betref ..."* (Conradie, 1936). Jaar na jaar is die kerkraad hieraan herinner, maar het in gebreke gebly om iets daaraan te doen (Ibid.). Die verskuldigde bedrag aan ds. Wasserfall was in 1931 $1874.60. In 1936 was dit $1174,38.

In die 5 jaar en 5 maande sedert die vertrek van ds. Wasserfall is die skuld wel met $700.22 verminder, maar hiervan het die „Kerkraad nie een enkel Centavo" bygebring nie (Ibid.).

In 1936 het die dankoffers slegs die bedrag van $993.1 ingebring (Ibid., aanhangsel p. 3).

In 1937 is besluit *„om 'n gedeelte van die Kerk-Erf, Solar D. Manzana 16 Bis, Com. Ravadavia te verkoop ... met die doel om al die skulde van die Gemeente te delg en die saldo op rekening van die Kerk te plaas..."* (Besluit deur kerkraadslede van die N.G. Kerk Chubut 1937).

Op 12 Feb. 1938 besluit die kerkraad om ook *„die stukkie kerkgrond met gebou en al te verkoop"* (Laubser, 15 Feb. 1938). Die besluit het prakties die einde van die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut beteken. Wie na die agteruitgang op finansiële gebied kyk, besef dat daar iewers 'n skroef los was.

Ds. Van Huyssteen wat vanaf September 1931 met verlof van sy kerkraad 'n besoek aan die gemeente Chubut gebring het, skryf die „ellendige toestand" waarin die gemeente hom bevind het, uitsluitlik aan faktore buite hulle beheer toe (Van Huyssteen, p. 23–31). Inderdaad het die depressie wat in dié jare 'n wêreldwye verskynsel was, 'n groot invloed uitgeoefen ten opsigte van die finansiële toestand van die gemeente. Onbeheerde markte en wisselvallige klimaatstoestande het seer seker ook sy spore nagelaat.

Daar is egter ook beweer dat die swak finansiële toestand van die gemeente op geestelike gebied gesoek moet word (Conradie, 17 Julie 1933, p. 4).

Ds. Van Huyssteen „*had nie die geleentheid en tyd om anders dan 'n oppervlakkige kennis op te doen van Gemeente toestande hier nie – die gordyn was nie gelig of opsy geskuiwe nie. So 'n besoekende Leraar kry en sien gewoonlik net die vriendelikste, beste en aantreklikste sy van alles wat die Karakter en gedrag van die mense aangaan*" (Ibid.).

Dat dit op geestelike gebied in die gemeente mank gegaan het, getuig ds. Wasserfall reeds in 1930 in 'n brief aan ds. Luckhoff. Hy verhaal van die ernstige tye wat hulle in Argentinië deurmaak, finansieel en polities „*die nood styg van alle kante snel*". En dan vervolg hy: „*wat 'n pragtige kans vir die* Geloof *in 'n albestierende God en Vader om nou sy waarde te toon! Maar hier word nog erg gely aan geestelike Rumatiek; en die knieë is stram om te buig! Ek wonder soms hoe hard die Here dan moet slaan voordat hy algemeen gedien sal word soos vroeër. In hierdie harde tyd ontbreek dit nog nie aan danspartye, lessing van dors by Bacchusfontein, en dergelike skandelike dinge nie*" (Wasserfall, 22 Feb. 1930). Ons verneem ook van „*verwaarlosing van die onderlinge byeenkomste*" deur kerkraadslede (Conradie, 17 Julie 1933; Sonneveldt, 22 Junie 1932), die ontheiliging van die Sabbat (Ibid.), van danspartye wat deur kerkraadslede gereël is en waarby ook ander betrek was (Ibid., p. 10) en van die huisgodsdiens wat deur weinig waargeneem word (Van Vuuren, Verslag, 1 Jan. – 11 Maart 1933). „*Die getuienis van vele,*" so skryf ds. Van Vuuren, „*is ook dat die geestelike lewe nie is, wat dit behoort te wees nie, en wat dit kan wees nie. Daar is 'n groot gebrek aan geestelike kennis en geestelike ondervindinge*" (Ibid.).

Daar word ook melding gemaak van jongelinge wat nie tot belydenis van die geloof kom nie, ja „*daar is 'n merkbare onverskilligheid by ettelike lidmate teenoor die belange van die Kerk*" (Ibid.).

Ds. Van Vuuren maak ook gewag van die „*die erns van die ampswerk wat by die Kerkraad ontbreek*". Onthou moet word, het hy gesê, „*dat wat die Kerkraad is, sal die gemeente wees*" (Ibid.).

Daar is ook nie meer gemeentevergaderings gehou nie (Blackie, 20 Okt. 1933; Conradie, 17 Julie 1933, p. 13). „*Kerkraadslede,*" is beweer, „*word gekies deur Kerkraadslede – so iets as Gekombineerde Kerkraadsvergadering is 'n Klugspel, want daar is gewoonlik maar 2 of 3 rustende lede teenwoordig. Die Kerkraad is volgepak van familie betrekkinge – hulle hou die Regering so in*

*hul eie hande"*!! (Conradie, 17 Julie 1933, p. 12).

Die agteruitgang op geestelike gebied in die Nederduits Gereformeerde gemeente kon nie meer gekeer word nie. In 1935 skryf ds. Piek, wat vanaf November 1933 tot Mei 1935 daar gearbei het: *„In ons geledere heers daar ook kalmte en vrede, maar in die harte nog 'n koudheid wat my met baie ongerus laat leef, veral daar dit moet gesê word van 'n paar van ons invloedryke Kerkraadslede"* (Piek, 2 Jan. 1935). Op 17 November 1935 het ds. Klopper vertrek om vir 'n paar maande in Chubut te gaan arbei. Ds. Klopper was *„baie mismoedig en ontevrede met die toestande"* in Chubut, *„aangesien hy dinge baie anders gevind het as wat hy gemeen het..."* (Visser, 25 Mei 1936).

Belangstelling in kerksake het in 1936 'n laagwatermerk bereik (Visser, 25 Mei 1936). Die kassier het die feite gekonstateer dat daar *„geestelike verslapping, agteruitgang en onverskilligheid is ... gebrek aan Tug, Dissipline, Liefde Verdraagsaamheid, ondersteuning van Godsaak"* (Conradie, 1936). Hy vermeld verder van *„Kerkloosheid"* ... *„'n hopelose gebrek aan die heilige pligte van KR. lede – Vrees om die tug uit te voer"* (Ibid.).

Dit is *„Almal foute en gebreke,"* het hy gesê, *„wat onheilspellend werk en die gewisse ondergang van die Gemeente sal bewerkstellig as daar nie drastiese verhoedmiddels aangewend word nie!"* (Ibid.).

Ook Visser, die pligsgetroue skriba, was diep bekommerd en kon die feit nie verby kyk *„dat ons mense verbasend vinnig agteruitgaan op geestelike gebied..."* nie (Visser, 25 Mei 1936). *„As daar nie kans gemaak word nie om diegene wat nog wil gered wees te red nie, dan sal sake net seker in die nabye toekoms totaal hopeloos wees"* (Ibid.). Daar was vir hom net een redding: *„diegene wat nog vashou aan die Afrikaanse tradiesie en godsdiens moet hier weg geneem word..."* (Ibid.).

Met veel moeite het die „Moederkerk" uitgevind *„dat dit een ding is om 'n Ned. Geref. Gemeente in Patagonië te stig, maar heeltemal 'n ander is om die Gemeente suksesvol te bearbei"* (Conradie, 1936). Daar is seer seker reeds swaar gesluk aan uitlatinge soos byvoorbeeld dat die optrede van ds. Luckhoff in 1925 die behoud was van ons „N.G. Kerk hier in Patagonië" (*De Kerkbode*, 22 Sept. 1926). Dit het inderdaad geblyk, dat die verbreking van die samewerking van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Chubut niks goeds ingehou het nie. Onderlinge twiste, finansiële onvermoë, dit alles en nog veel meer was die gevolge van die verbreking van die same-

werking vir die Nederduits Gereformeerde Kerk van Chubut.

## 4. SAMEVATTENDE KONKLUSIES.

Wat kan as redes vir die agteruitgang in die Nederduits Gereformeerde Kerk van Chubut aangedui word?

### 4.1. Die stigting 'n kunsmatige skepping.

In die lig van die eiesoortige toestand wat reeds in Chubut bestaan het (Sien hoofstuk 5 p. 104) wil ons beweer dat die mense nie ryp was vir 'n gemeente in Chubut waarvan die „Moederkerk" duisende kilometers ver weg was nie. Dit was slegs die begeerte van hoogstens 'n paar lidmate. Die gemeente is in werklikheid op hulle afgedwing!

Conradie wat 'n groot teëstander van ds. Sonneveldt was, het self ook aangevoel dat in baie opsigte sake op hulle afgedwing is. Hy waarsku dan ook dringend, dat sake nie op hulle afgedwing moet word nie (Conradie, 28 Mei 1928).

Die gemeente was dus niks anders as 'n kunsmatige skepping nie. Die drang om Chubut op die Kerkalmanak te plaas, was by ds. Luckhoff 'n groot begeerte (Luckhoff, 7 Nov. 1927).

Die gevolg was dat daar geen spontane inisiatief by die lidmate was nie, en belangstelling het gou verflou. Solank ds. Wasserfall daar was, het dit redelik gegaan, maar na sy vertrek het alles in duie gestort.

### 4.2. Omstandigheidsfaktore.

'n Volgende faktor waaronder *„die geestelike lewe van die gemeente ... op 'n sekere tydperk en nou nog ... baie gely"* het, was volgens ds. Van Vuuren *„die verspreidheid van die gemeente, en die groot diestansie weg van die Kerkmiddelpunt".*

Hierdie „omstandigheidsfaktore" in Chubut, soos ons dit wil noem, is deur die Nederduits Gereformeerde predikante onderskat. Weldra sou hulle ontdek dat sake in Chubut nie soos in Suid-Afrika kon geskied nie, *„omdat dit hier haas onmoontlik is om in die bitter koue wintertyd almal, of selfs 'n meerderheid bymekaar te kry";* dat dit in Chubut onmoontlik is om stiptelik volgens „Kerkwet" te handel; dat die Nagmaal daar in etlike buite-

wyke bedien moet word, *„omdat die mense die dienste op Comodoro Rivadavia nie kan bywoon nie".*

Dit was prakties onmoontlik om *„net één sentrale Kerkplek te hê"* en hulle was verplig *„om behalwe op die dorp ook op 7 en soms 8 sentra in die kolonie tweemaal per jaar Kerk te hou en Sakramente te bedien".* Die gevolg was dat die gemeente nooit as 'n eenheid saam vergader het nie en 'n saamhorigheidsgevoel nie opgebou kon word nie.

Ook moet in gedagte gehou word dat hulle winters daar gewoonlik *„so lank duur en so straf is, dat ons jaar van werksaamhede slegs van 8 tot 9 maande lank is; en dan nog moet die meeste werk in die betreklik kort somertyd ingeprop word. Sulke omstandighede belemmer alle organisasie en samekomste besonder baie..."* (Wasserfall, 30 Junie 1929).

Ds. Van Vuuren het dan ook gevol dat dit beter sou wees *„as die Kerkmiddelpunt meer sentraal in die Kolonie gelê het"* (Van Vuuren, Maart 1933). Genoemde faktore was inderdaad 'n groot stremming in die uitoefening van die amptelike arbeid van die kerkraad.

In die lig hiervan is dikwels beskuldigings aan die adres van ds. Sonneveldt gerig waaraan later swaar gesluk is.

**4.3. Die Wyse van Kerkregering.**

'n Volgende oorsaak wat bygedra het tot die agteruitgang van die Nederduits Gereformeerde Gemeente van Chubut, moet gesoek word in die wyse van kerkregering. 'n „Moeder" met haar hoofkantoor in Kaapstad wat besluite neem vir „takke" selfs oor die see, het geweldige vertraging meegebring in die uitvoering van besluite.

Wanneer die selfstandigheid van die plaaslike gemeente ingeboet word en die plaaslike gemeente bevele ontvang wat dikwels vreemd is aan die besondere omstandighede, tree agteruitgang en verbrokkeling in.

Inisiatief in die plaaslike gemeente is ook hierdeur gedemp.

**4.4. Die Geesteskliimaat in Argentinië.**

Nog 'n faktor waarmee ons ten volle saamstem, is deur ds. Van Vuuren gesien as *„die mag van die stroom en die koudheid op Godsdienstig gebied, waarmee*

*die gemeente omring is..."* (Van Vuuren, Maart. 1933). Hierdie geestesklimaat, het hy gesê, *„druk sy spore op die gemeente af"* (Ibid.).

Ook ds. Wasserfall het by herhaling gekla oor die invloede wat van buite op die lidmate inwerk (Junie 1929). *„Dit is ... 'n land,"* het hy geskryf, *„waarin losheid van sedes deur vele dinge vergemaklik word, en waarin allerlei sinsgenotprikkelende propaganda 'n legio van versoeings gedurig strooi voor die voete van die jongmense. Ons word onrustig! Bid vir ons"* (Ibid.).

4.5. Die Ongereelde Bediening.

Ds. P.J. van Vuuren het in 1933 opgemerk dat die geestelike lewe van die gemeente baie gely het as gevolg van die ongereelde bediening. Verskeie ander persone het dié mening met hom gedeel. Tydens die kort besoeke is daar meer oor die persoonlikheid van die leraar as oor die boodskap wat hy bring, gespreek, is gesê.

Slegs as daar 'n permanente werker kom, het ds. Van Vuuren gesê, kan daar verbetering in die toestand van die gemeente kom.

**4.6. Die ideaal van 'n Kolonie.**

'n Groot mistasting van die kant van die Nederduits Gereformeerde kerk was om 'n „Kolonie" in Argentinië te probeer opbou met, soos ds. Wasserfall gesê het, 'n behoorlike organisasie.

In 1928 is 'n waarskuwende stem reeds hieroor tot die Nederduits Gereformeerde kerk gerig: *„My waarde Vriend, keer tog, asb. tog! vir 'n „Kroonkolonie stelsel" met hierdie klompie Boere – die ding gaan nie werk nie..."*

Ds. Wasserfall moes ook erken dat die ideaal *„om 'n ware* **Kolonie** *op te bou"* (Wasserfall, 26 Nov. 1930) 'n onuitvoerbare saak geword het. *„Dit moes 25 jaar gelede begin het"*, het hy geskryf (Ibid.).

Vermenging en vaarwel sê van jou godsdiens was vir ds. Van Huyssteen sinonieme terme!

Wie dié standpunt handhaaf, moet liewer nie emigreer nie!

Rullmann skryf (p. 34): *„...niet voor zinvolle tegenspraak vatbaar lijkt mij de stelling dat een serieuze emigratie van Christenen noodzakelijkerwijs op*

*de duur tot integratie komen moet, wil zij haar roeping van Christuswege vervullen en wil zij niet door geestelijke en natuurlike inteelt onder gaan".*

Is die samewerking nie in 1925 verbreek nie, sou kerklike eenheid binne afsienbare tyd 'n werklikheid onder die Afrikaners in Chubut geword het, en sou die gemeente 'n integrale deel van die Gereformeerde Argentynse kerke geword het. Langs dié weg kon daar 'n vormende invloed in die kerke van die Afrikaanse gemeente uitgegaan het. Die waarde daarvan vir die calvinisties-protestantse geloof in Argentinië kan moeilik bereken word, maar dat dit 'n ander loop aan die geskiedenis van die Gereformeerde kerke in Argentinië sou gee, kan nie weggeredeneer word nie.

Die feit dat die Nederduits Gereformeerde kerk 'n „Kolonie" in Chubut wou opbou en daardeur „een hooghartig isolement" (Rullmann 1961, p. 34) gestimuleer is, het tot gevolg gehad dat deur die isolement die disintegrasie sy intrede gemaak het.

Dit is hard wanneer 'n mens die woorde „mislukking" oor die bestaan van 'n gemeente skrywe, veral wanneer daaraan gedink word dat God sy kerk self in stand hou.

Maar wanneer „mislukking" oor menslike pogings geskryf word, wil dit nie sê dat God nie sy doel daarmee bereik het nie.

Plaaslike gemeentes is nie daar tot trots van die „Moederkerk" nie, maar om Gods eer te dien. Dat „enghartige kerkisme" by die stigting van die gemeente in gedrang was, is baie sterk aangevoel.